WWW.WEG.CO.ZA
APRIL 2010

Nooi die bure oor vir **'ghrênd' kos**

Weg!

JOU REIS BEGIN HIER

Bergkwaggapark
Stap tussen kwaggas, buffels en bokke

Dit bulder

Augrabies

Bring die kroos en kamp vir 'n naweek

Moolmanshoek
Galop, kyk diere en voer meerkatte in die Vrystaat

Punda Maria
Skiet Kruger toe vir voëls, voëls, voëls!

Gaan speel buite!
Lekker kampgoeters vir die kinders

EGIPTE
10 dae
R12 600

Kom sien jou mummie!
• Piramides • Kaïrotoer • Nylvaart
• Ry in 'n lugballon • Rooisee-duik

R27,50 (BTW ingesluit) ANDER LANDE R24,12
771810 229004 04066

Weg! LESERS VERTEL

SEEVAART

DANIËL KOTZÉ

BEROEP: B.Sc.-student (bewaringsekologie)

TUISDORP: Oudtshoorn

MEER OOR MYSELF: "Ek het 'n passie vir bewaring en avontuur."

Om die punt van Borneo

Die ontdekkingsreisiger Mike Horn lei ekspedisies na alle uithoeke van die wêreld. **Daniël Kotzé** was saam op een van dié reise na Borneo en Maleisië. Foto's deur **Dmitri Sharomov**.

Soveel keer het ek in die mikrobiologieklas gesit en wonder wanneer ek eendag die wêreld gaan sien, maar my banksaldo het my dagdromery telkens kortgeknip. Min het ek geweet 2009 gaan my jaar van avontuur wees!

In April hoor ek van die bekende ontdekkingsreisiger Mike Horn wat jong mense 'n seldsame geleentheid bied: Hy neem mense van tussen 15 en 20 saam op sy seiljag, die Pangaea, om ons planeet te ontdek – sonder enige koste. Die ekspedisies fokus op bewaring. Ek was dadelik geïnteresseerd en het aansoek gedoen om 'n ekspedisie na Maleisië mee te maak. Ek het bollemakiesie geslaan toe ek hoor ek is gekies!

Welkom in Maleisië

My vlug was oor Singapoer na Kuala Lumpur, waar ek my spanmaats van onder meer Suid-Korea en Europa ontmoet het. Ons het hier in die luukse Hilton-hotel oornag.

In Kuala Lumpur het ons die Petronastorings, restaurante en Chinatown verken. Vir die eerste keer het ek kennis gemaak met die eienaardige (en sterk!) kos van die Verre-Ooste.

Ons eintlike toer het begin by Tawau, aan die ooskus van Borneo, waar 'n filmspan en die 38 m lange seiljag die Pangaea ons ingewag het. Ek het soos 'n Hollywood-ster gevoel.

Die Pangaea was selfs mooier as hoe ek dit voorgestel het. Dié metaalgrys boot met sy dubbele mas is meestal van aluminium en kan afgebreek en herwin word ná die beplande vier jaar van ekspedisies. Dit het twee enjins en die jongste verkenningstegnologie aan boord.

SAK EN PAK. Hier gaan ons aan wal by Miri aan die weskus van Borneo, van waar ons die lang tog na die Mulu-grotte aangedurf het.

SWEM, SKILLIE! Toe ons die eerste slag in Mabul duik, het 'n bedreigde groen seeskilpad toegelaat dat ons hom van nader leer ken.

Op die Pangaea het ek uiteindelik vir Mike Horn ontmoet. Hy is voorwaar 'n karakter.

Party mense dink hy is gemotiveerd; ander dink weer hy's, wel, mal. Hy het al sonder 'n enjin om die ewenaar, poolsirkel en na al twee pole gevaar.

Hy is met 'n gebreekte knie van waar die Amasone ontspring tot in die see, en het twee van die Himalajas se hoogste pieke sonder suurstof aangedurf.

Van die 23 mense op die seiljag was sewe Suid-Afrikaners, en ek het taamlik tuis gevoel, veral met Kurt Darren se "Kaptein" as temalied vir die ekspedisie!

Toe die anker lig, herinner 'n bloedrooi sonsondergang en donderstorms op die suidelike horison my ek is in die trope. As dit nie gereën het nie, het ek sommer op die dek geslaap – die hitte en humiditeit was erg.

'n Wonderwêreld deur my duikbril

Voor die ekspedisie moes ek 'n skubaduikkursus voltooi. Ons eerste duikervaring was nie ver nie: Mabul en Kapalai, aan die noordoostelike kus van die eiland Borneo.

Ek het omtrent my eerste tenk leeggesuig van verwondering – die seeskilpaaie het my verstom en ek het gewens ek het meer geweet van die seelewe.

My duikhoogtepunt was by Sipadan, ook in Noordoos-Borneo, waar die Suid-Afrikaners Callie en Monique Strydom in 2000 gyselaar geneem is en toe meer as vier maande op die eiland Jolo aangehou is.

Hier is nou 'n militêre basis. Dit word beskou as een van die wêreld se topvyf-duikbestemmings, en dis baie moeilik om hier 'n permit te kry.

Die senuwees het maar soms geknaag met haaie, pylsterte en barrakudas in die water. Danksy streng bewaringsmaatreëls is die rif egter in 'n puik toestand.

Ons het ook 'n onderwatergrot, Turtle Cove, verken, wat omtrent 25 m onder die water is, in 'n rif wat amper 600 m hoog is! Laatmiddag het ons die eiland gaan verken en in 'n hewige vlugbalstryd met die plaaslike inwoners betrokke geraak.

Later swem ons terug na die seiljag toe met die son wat soos 'n gloeiende strandbal op die horison dryf. Teen tienuur die aand is ons – gewapen met gloeistokkies en flitse – gereed vir 'n nagduik. Dit was maar 'n deurmekaarspul so in die donker met almal wat soos motte agter die videokamera se helder ligte aanswem.

Dit was wel die moeite werd toe almal hulle flits afskakel en ons die glimmende soöplankton sien. Die plankton se respirasie word vinniger as hulle beweging rondom hulle sien, en dit veroorsaak weer 'n chemiese reaksie wat lig verskaf.

Ons het ook nagdiere soos reuse-inkvisse, die dodelike leeuvis (hulle het giftige penne op hulle rug wat 'n mens kan steek) en bontpalings teëgekom.

Toe ons eers gemaklik is onder die water, kon ons met die eintlike werk begin. Ons is in spanne ingedeel en moes op die uitkyk wees vir indikatorspesies (spesies wat 'n aanduiding gee van hoe gesond 'n ekosteelsel is). Ons waarnemings is dan aangeteken en dié inligting is in 'n internasionale databasis – 'n projek van die Universiteit van Kalifornië – ingevoer wat gebruik word om koraalriwwe te monitor.

Ons kon onbeskermde riwwe vergelyk met dié van Sipadan – en dit was skrikwekkend. Ons het op plekke afgekom wat soos begraafplase lyk omdat mense met dinamiet visvang en bote op enige plek anker gooi.

Waar die kaart soms 'n gesonde rif aangedui het, was daar nou net sand, met hier en daar 'n verdwaalde vlindervissie.

Ontmoet 'n orangoetang

Ons volgende bestemming was Sandakan, waar ons die Sepilok-orangoetangskuiling sou besoek. Die busse wat ons vervoer het, was bedompig en die bestuurders se Engels maar gebrekkig.

Ek het verduidelik ons moet by die dokter afgelaai word wat vir ons mediese sertifikate kan gee sodat ons die orangoetangs kan besoek. Maar twintig minute later laai die busbestuurder ons by die veearts af...

Min mense kry die skaars orangoetang te sien omdat hulle (en veral hulle habitat) erg bedreig word. Ek het my verkyk aan hoe dié roesbruin ape rustig deur die woud se boomtoppe beweeg, amper nes mense!

Ons het die oordbestuurders gehelp om 'n voedingsplatform dieper in die woud af te breek. Die bestuurders wil hê die woud moet so natuurlik as moontlik bly en het nuwe platforms by die toeriste-uitkykpunt gebou.

Hierdie stukkie beskermde woud word omring deur olie-palmplantasies. Dit het my bekommer dat daar te min op die bewaring en uitbreiding van die orangoetang se habitat gefokus word. Daar het ons later termiete geëet - hulle smaak soos 'spearmint".

▲ **KORAALVINGERS.** Die koraalrif naby die eiland Tankayan was effens vlakker as die ander wat gemonitor moes word, maar nietemin indrukwekkend.

▼ **MAN VAN DIE WOUD.** Die orangoetangs by Sepilok naby die stad Sandakan kom elke dag na 'n voedingsplatform waar toeriste hulle kan sien.

'n Kuiertjie op rommeleiland

Van Sandakan af is ons na Tankayan, 'n klein eiland noord van Borneo wat saam met twee ander eilande die Simca-reservaat (Sugud Islands Marine Conservation Area) vorm.

Op pad daarheen het ons verby 'n ander eiland, Sibaung, omtrent so groot soos 'n rugbyveld, geseil. By nader ondersoek sien ons die eiland is heeltemal besaai met rommel.

Die volgende oggend vroeg het ons met 'n spul swartsakke gaan strand skoonmaak. Dit sou die eerste van baie skoonmaaksessies in Borneo wees. >



Honderde leë sianiedhouertjies was 'n aanduiding van hoe baie visse onwettig bedwelm word sodat hulle vir akwariums gevang kan word. Kleiner plastiekstukkies soos tandeborsels en doppies is dodelik vir groter seediere.

By Lankayan, 'n vriendelike toeriste-eiland waar 'n seeskilpadteelprojek bedryf word, het ons ook ingespring. Nadat ons bedags die water en skeepswrakke kon verken, het ons om die beurt nagskof saam met die natuurbewaarders op die strande gedoen.

Ons het vroeër skilpadspore gesien en was gelukkig om te sien hoe die wyfie haar eiers lê en toegrawe. Rowers grawe dikwels die eiers uit om te eet of verkoop – ons het die eiers uitgegrawe en na 'n veilige plek verskuif. Ná drie maande broei die outjies uit en word hulle op die strand vrygelaat, maar skaars 1% oorleef.

Ons het tot ounag by die restaurant gekuier waar ons saam met 'n paar *locals* kitaar gespeel het. Vroeg die volgende oggend het ons gehelp om die ou neste skoon te maak en drie lewende skilpaadjies uit die sand te red!

Ons laaste projek hier was om 'n staalstruktuur op te rig sodat koraal daarop kan vorm. Ons het 'n ou vliegtuig hiervoor gebruik en dit onder die water laat sak sodat die seestrome daardeur kan vloei en die nuwe koraal 'n mikro-ekostelsel kan vorm.

Grotte en media-konferensies

Op die twaalfde dag is ons na Borneo se noordelikste punt.

Die strande daar was óók treurig en ons het weer met 'n skoonmaakpoging begin.

DIE DAG WORD ROOI. Ná die eerste dag van skubaduik in Maleisië was dit sal ig opdie seiljag die Pangaea.

RIVIERVAARDERS. Dit was 'n lang, uitputtende vaart met die snelboot rivier-op na die Mulu grotte. Die natuurtoneel en goeie gesels kap het darem gehelp.

Ek en die ander jong avonturiers het teen dié tyd die seiljag met al sy toue en knope goed leer ken – en om op die oop see te seil was vir ons 'n heerlike uitdaging.

In Kota Kinabalu, die groot stad aan die noordwestelike kus, is ons genooi na 'n mediakonferensie en ete saam met die minister van toerisme, Datuk Seri Abang Johari Tun Abang Openg. Ons is gasvry ontvang (al sou ek steeds KFC verkies bo hulle eksotiese kos) en gepeper met vrae en kameraflitse.

Die laaste uitdaging van ons avontuur was die Mulu-grotte in die streek Sarawak. Dié grotte het die grootste sale ter wêreld.

By die stad Miri het ons aan wal gegaan, en ná 'n hele paar administratiewe probleme (die rivier lê op die grens tussen Maleisië en Brunei) rivier-op

KAPTEIN. Mike het almal op die seiljag touwys gemaak met dinge soos maste hys en stuur.

gevaar tot by die grotte.

Nadat ons by 'n obskure "hotel" vir R10 p.p. oornag het, kon ons die laaste skof van ons 17 uur lange vaart voltooi in 'n boot wat lyk soos 'n kommersiële mokoro met twee enjins agter.

Franse grotverkenners van Petzl het ons voorberei op die roete wat ons sou volg. Vroegaand het ons saam met hulle by die grotingang gewag om te sien hoe meer as 'n miljoen vlermuise hulle verskyning maak om te gaan jag. Dit het egter liggies gereën en baie minder vlermuise het uitgekom as verwag.

Met valhelms, kopflitse en rugsakke was ons gereed vir die 16 km ondergronds. Dit was ondenkbaar bedompig.

Die roete deur die bedompige sale was moeilik. Ons moes wriemel deur plekke waar 'n lyfvlegter sou sukkel en kophou met die klimtoue.

Ná my eerste ondergrondse middagete het ons 'n rivier bereik waar ons dele moes swem om weer by lig uit te kom.

Ek het geweet die ekspedisie staan nou einde se kant toe en was traag om die donker dieptes van die grot te verlaat.

Nabetragting

Dit was moeilik om ná die drie weke vir Mike, Maleisië en my nuwe vriende te groet, maar Suid-Afrika het nou soos 'n oop speelterrein voor my gelê. Nie net bied dit avonture nie, maar ons moet ook werk aan die bewaring van ons land.

'n Week ná die ekspedisie kry ek 'n e-pos van die Lankayan-reservaat. Hulle het 'n onwettige vissersboot van Viëtnam gevang met dooie haaie, seeskilpaaie en selfs mantas op die dek.

Ook in ons eie waters kan ons gerus meer bewaringsgesind wees – ons vergeet soms dat ons natuurskatte andersins verlore sal gaan.

EK WIL OOK GAAN!

Jong mense tussen 15 en 20 wat wil aansoek doen vir 'n Mike Horn-ekspedisie, gaan na www.pangaea-mikehorn.com/en/yep.

MULUKHEID! Die smal tonneltjies en drukkende humiditeit in die Mulu-grotte het almal effens op hulle senuwees gehad.